# HOOFSTUK 111.

## DIE VERHOUDING SKOOL, STAAT EN KERK, 1806 - 1824.

### 1. DIE STAAT EN DIE KERK.

Voor 1795 het die kerk 'n groot mate van selfstandigheid - soewereiniteit in die kring, geniet. Toe kom die de Mist-regime, wat die kerk volledig aan die mag en gesag van die staat onderwerp. Die omwenteling was nog in wording, toe kom die Tweede Britse Besetting. Die Britse regering aan die Kaap het, soos mens te wagte kan wees by elke dergelike verowering, onmiddellik met sy anglisasiepolitiek begin. Vir hierdie doel was ook die kerk nodig.

#### (a) DIE SEKULARISASIE VAN DIE KERK.

De Mist het deur middel van sy Kerkorder die eerste voor getrek om die kerk onder te ploeg vir die doeleindes van die staat. Onder die Bataafse Republiek was die doel 'n staatsburgerlike; onder die Britse bewind was dit anglisasie. Dat de Mist die Engelse regering 'n groot dien bewys het deur die sekularisering van die kerk, deur as 't ware die oorheersing vir die Engelse voor te berei, blyk baie duidelik uit die geskiedenis van die kerk: In die kommissaris-politiek se verslag van die Sinode van 1824 skryf hy aan die goewerneur op 30 Januarie 1825: "But after the return of the Colony to the Batavian Republic, the Commissary General de Mist placed the Reformed Churches here under its own local direction, charging the Colonial Government to take care that the management of the Church Congregations in this Colony should be conducted with regularity....." Die Kerk is onderwerp aan "the provisions and regulations of the Colonial Government." Die Sinode het daardie ondergeskiktheid aan die koloniale regering, wat dagteken vanaf die Bataafse tydperk, erken. 1)

Die Sekularisasie het op twee maniere plaasgevind.

1. Die staat berus op mag en hierdie magsuitoefening

1). Kaapse Kerkargief: S1, 308; Sien ook J.A. Truter se mening oor die verhouding Kerk-Staat, Boustowwe, 359.

- die mag om te beveel d.m.v. wetgewing, het hy op die kerk toegepas. De Mist het hom reeds hierdie gesag oor die kerk aangematig en wel in so'n mate dat hy selfs die reg voorbehou het om die tyd van die eredienste vas te stel (dokumentering elders).

11. Bogenoemde magsgesag is 'n indringing in die kerk se regmatige onafhanklikheid van buite af. Die staat het egter sy doel beter bereik deur die ondergrawing van binne af van die Hollands-nasionale fondamente van die kerk en wel deur die verkryging van handlangers onder die predikante. Inmenging van buite af, soos byvoorbeeld die aanstelling van die kommissaris-politiek om op die kerkraadsvergaderinge teenwoordig te wees, veroorsaak maklik ontevredenheid. Die verkryging van kampvegters binne die instituut self, deur bv. die aanstelling van Skotse predikante, mag versoening in die hand werk. Die aanstelling van leraars van "known loyal principles" in die Boerekerke het, soos ons veral in die volgende hoofstuk sal sien, die regering baie goed geloon.

## DIE STAAT SE OORHEERSING VAN DIE KERK EN DIE KERK SE ONTWIKKELING TOT 1824 SE SINODE.

In die "Cape Town Gazette" word bekendgemaak dat J.I. Rhenius aangestel is as kommissaris-politiek. By die eerste kerkvergadering waaraan hy deelneem, word daar hewig teen hierdie maatreël van die regering geprotesteer. Hul vra hom om die vergadering te verlaat sodat hul 'n versoekskrif aan die regering kon opstel waarin hul die regering vra om hierdie aanstelling te kanselleer. Hul skryf op 5 Mei 1806 aan Zyne Exellentie, Sir David Baird: "..... want verteenwoordigde de Commissaris Politicqe eertyds des Lands Overheyd, hoe vreemd sou het dan niet scheinen dat Zyne Groot Brittanische Majesteit iemand van Zynentweegen en wel tot eene byzondere Gemeynte sou afvaardigen om uit hoogstderzelver naam te caveeren voor Dispuuten, die geene betrekkinge ter waereld hebben tot de Grondwetten van Engeland; te minder nog daar in Londen self eene Hollandsche Gemeente is......." 2)

Die memorie is goedgekeur deur 'n meerderheid van

1). Die "Cape Town Gazette" Vol. 1, Nr 12, Apr. 5, 1806.
2). Kaapse Kerkargief, Ekstrak uit Kaapse Kerkraads-Resolusieboek 10, 156.

stemme en aan die goewerneur gestuur. Die protes het op dowe ore geval. Die Kommissaris-Politiek het homself met die sterkste argument verdedig, naamlik deur te verwys na die toestande onder kommissaris de Mist. Laasgenoemde sê hy, sou die pos van kommissaris politiek afgeskaf het as hy wou, want hy had die volle mag daartoe. Hierdie heer was daar egter seker van: " that the church of this Colonie never ought to be separated from the Government, on accoun of the pernicious and profane consequences, that would arise from, and be attended with such a shocking separation."

Dis om hierdie einste rede, sê Rhenius, dat de Mist in sy Kerkorder (Art. 37,46) voorsiening gemaak het vir die aanstelling van kommissaris-politiek. Daarom ook het die staat self die salarisse van die predikante betaal. 1)

In 1811 het die kommissaris-politiek instruksies ontvang dat hy alle briewe aan die goewerneur moes meeonderteken. Sonder sy handtekening kon die kerkraad dus geen brief aan die goewerneur deurstuur nie. 2)

Daar was maar gedurig wrywing met die Kommissaris-Politiek. Op 11 November 1806 kla die kerkraad by die regering oor die oopbreek van briewe deur J. Rhenius. 3) Op 15 Januarie 1810 is daar weer klagte oor die baasagtige optrede van die amptenaar. 4)

Op 11 Junie 1814 word offisieel aangekondig dat die landdroste in die buitedistrikte voortaan kommissarissepolitiek van die buitekerke sou word. 5)

Na die stigting van die Sinode in 1824 en die dood van van der Riet, die laaste kommissaris-politiek, is die pos afgeskaf. 6) Dit was egter geen teken van groter onafhanklikheid van die kerk nie.

Op 14 November 1808 rig die Kaapse Kerkraad 'n versoek tot die goewerneur, dat hulle self hul ouderlinge en diakens wil kies sonder dat die goewerneur hom daarmee inlaat. Dit was die gewoonte om aan die goewerneur 'n lys van geskikte persone te stuur en dan het hy die gewone getal ouderlinge en diakens daaruit gekies. Met 'n tikkie sarkasme sê hul dat hul hoop dat die Goddelike voorsienigheid die goewerneur se keuse mag bestier, aangesien laasgenoemde die mens nie te goed geken het nie.

1). Dreyer: Boustowwe 111, 94.
2). Ibid., 134.
3). Ibid., 104, 108.
4). Dreyer: Boustowwe 111, 121.
5). Dreyer: Boustowwe 111, 135.
6). Ibid., 379.

Die versoek is nie toegestaan nie. [1]

Daar was geen gesaghebbende kerklike liggaam wat sake van algemene godsdienstige belang kon behartig nie. Dit het gebeur dat die bestaan van 'n Sinode uiters nodig geword het in gevalle waar gesamentlike optrede teen die verkondiging van valse leerstellings nodig was. In 1813 en in 1820 het daar onreëlmatighede voorgekom wat die stigting van 'n Sinode verhaas het. In hul versoek aan die goewerneur om 'n Sinode te mag hou, wys die predikante van Kaapstad daarop dat die Klassis van Amsterdam voor die Britse okkupasie die liggaam was wat interkerklike sake van die Kaapse gemeentes behartig het. Na die inname was daar geen dergelike liggaam in geval van appél nie. [2]

Met die goedkeuring van die goewerneur is besluit om 'n Sinode byeen te roep. Van nou af kon daar meer eendragtig opgetree word ook wat skoolsake betref.

Die kerk was nog steeds afhanklik van die staat op die basis van die kerkordenning van de Mist. Predikante is nog altyd deur die regering besoldig, die kommissaris-politiek het nog die Sinodale vergadering bygewoon; en alle Sinodale besluite moes nog deur die regering bekragtig word.

(b) DIE ANGLISASIE VAN DIE KERK.

Die belangrikste anglisasiemiddel, wat die staat op kerklike gebied aangewend het, was die aanstelling van Skotse predikante. Hierdie predikante het ook die maatskaplike en politieke toestande beïnvloed; die anglisasie van die kerk is maar 'n onderdeel van die sekularisasie daarvan.

1. DIE VERSKOTSING VAN DIE KERK.

Op 21 Julie 1812 skryf Sir John Cradock aan die Earl of Liverpool van die slegte toestand van die kerkwese in hierdie kolonie in sover dit die Hollandse kerke betref. Hy rig 'n versoek aan laasgenoemde om nog minstens ses addisionele Skotse predikante uit te stuur. [3]

'n Vaste kommissie van professore is in Skotland saamgestel met die doel om geskikte predikante vir Suid-Afrika te werf. Ds Thom skryf op 8 Januarie 1821 'n brief uit Londen aan Lord Charles Somerset waarin hy sy geesdrif om Skotse predikante in Suid-Afrikaanse kerke aangestel te kry,

1). Ibid., 116.
2). Ibid., 175.
3). Theal: Records Dl. Vlll, 400.

verraai: "I am much rejoiced that there is a prospect of having the Dutch Colonial Churches supplied, and the more, as besides the charges of Somerset and Worcester being vacant, there is every human probability that several old churches will soon be left destitute of Christian instruction." Hy vertel verder dat di. Manger en Fleck sieklik en andere baie oud is. [1)]

In die "Memorial of the Scottish Presbyterian Community to Lord Charles Somerset" van 25 November 1824, word die politieke strewe duidelik gestel, n.l. om die Gereformeerde Kerk te laat insluk deur die Skotse, met die doel om goeie burgers vir Engeland te kry. [2)]

Die oprigting van 'n teologiese kweekskool sou natuurlik die regering se doel laat verongeluk het: predikante sou dan nie meer ingevoer kon word met die nodige "known loyal principles" nie. In 1817 het ds. Abraham Faure hom beywer vir die stigting van so'n inrigting aan die Kaap. Op 25 Februarie bied hy sy dienste as professor aan, indien Graaff Bathurst, sekretaris vir Kolonies, die plan sou deurvoer. [3)]

Gedurende die Sinode van 1824 het die verskotsing van die Gereformeerde Kerk baie amper op 'n amalgamasie met die Skotse Kerk uitgeloop. Ds.George Thom stuur namens die Caledonse Kerkraad 'n beskrywingspunt aan die Sinode: "That a memorial be presented to the Very Reverend, the General assembly of the Established Church of Scotland, praying that ......... they may formally recognise us and remain in communion with us, while we preserve our own peculiar Colonial Regulations." [4)]

Gelukkig het nóg die kommissarisse-politiek nóg die Sinode kans gesien om hierdie voorstel te ondersteun: "Hence it has appeared to the Political Commissars that the supremacy over the Reformed Church here, should be considered as exclusively vested in the Colonial Government, and consequently they, as representing Government in the Synod, could not allow that the Synod should acknowledge any other supremacy than that of the Colony, excepting that of His Majesty the King". En ook die Sinode: "Besides which they unequivocally signified that they would not give their consent that

1). Theal: Records, Vol.13, 332
2). Ibid., Vol.9, 332-338.
3). Dreyer: Boustowwe 111, 364.
4). Ibid., 192.

the Colonial Reformed Church should be subject to the supremacy of a foreign Church." Hul was ook onrustig dat die publieke rus verstoor sou word indien so'n stap gedoen sou word.[1]

## 11. DIE ENGELSE TAAL EN DIE HOLLANDSE KERK.

Dat die Skotse predikante sou voorstaan dat die eredienste in Engels waargeneem word, spreek vanself: hul was die Nederlandse taal maar nog nie magtig nie. Hul het maar ses maande in Nederland aan die Hollandse spreektaal gewerk voor hul koms. Hul was gewillige bondgenote van die regering om die Hollandse taal uit die kerk te ban. Ds. Thom stuur 'n beskrywingspunt aan die eerste voorgestelde Sinode dat die Kategismus ook in Engels vertaal sou word.[2]

Handelende op hierdie beskrywingspunt het die Sinode van 1824 die regering gevra om 'n aantal eksemplare van die Heidelbergse Kategismus op die regeringspers te laat druk, sowel in die Hollandse as in die Engelse Taal. Scholtz wys daarop dat die gebruik van hierdie vertaling uitsluitlik deur die Sinode bedoel was vir kinders, in die Engelse skole, wat aan die Gereformeerde Kerk behoort het en nie vir algemene gebruik nie.[3] Dit spreek vanself dat leerstellige onderwys uit 'n Hollandse Katkisasieboek onmoontlik was in die "Established Schools". Dit het dus neergekom op 'n keuse tussen 'n Engelse Heidelbergse Kategismus of geen Katkisasie nie.

Hierdie vertaling en publikasie het beide kerk en skool geraak, want leerstellige onderwys was belangrik as skoolvak, sowel as die sleutelsteen tot lidmaatskap van die kerk.

Die Goewerneur was baie in sy skik met hierdie versoek van die Sinode. Hy antwoord op 7 Julie 1825 deur die staatsekretaris dat hy die Sinode nie sterk genoeg onder die indruk van die belangrikheid van Engels kon bring nie: Die opkomende geslag moes Engels leer as die enigste manier waarop hul ooit toegang tot die staatsdiens kon kry. " He therefore entirely approves of the translation of the Heidelberg Catechism into English for the use of the schools - At the same time, however, that He feels Himself bound to impress in the strongest manner the necessity of the general Introduction of the English Language, as the only language to be made use of in future in all public and legal transactions of every kind.....[4]

1). Kaapse Kerkargief: S1, 308: J.A. Truter se verslag van die Sinode aan die goewerneur.
2). Dreyer: Boustowwe 111, 191.
3). Scholtz: a.w., 39: Records: Dl. XlX, 187.
4). Kaapse Kerkargief: S1,322.

Die gebruik van die Engelse taal in ons kerk moet ook gedeeltelik toegeskryf word as 'n maatreël tot selfbehoud. Die Gereformeerde Kerk, met sy hoë vereistes by die aanneming en sy strenger Calvinistiese eise aan sy lidmate, was vir die swakgeleerde deel van die Afrikaanse jeug wat reeds onder Engelse invloed gestaan het baie onaantreklik. Die aantrekliker godsdiensvorme van die Wesleyaanse, Presbiteriaanse en Anglikaanse Kerke het die afvallige jeug meer en meer aangelok. Die outoriteite van die Ned. Ger. Kerk was genoodsaak om Engelse dienste in te voer, tensinde die wegvloeiende stroom soveel moontlik te stuit.[1)]

Dat daar nogal gevalle was waar Engelse predikante die Gereformeerde Kerk ondermyn het, blyk uit klagtes van die Kaapse Kerkraad teen 'n Anglikaanse predikant wat mense gedoop het wat buite sy gemeente geval het.[2)]

111. <u>DIE SINODE VAN 1824</u>.

Die eerste Sinode was 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van ons kerk.

Vanuit die standpunt van sekularisasie en anglisasie gesien, toon dit ons hoeveel sukses die regering reeds gehad het, want uit die verrigtinge spreek 'n ootmoedige byna kruiperige toegeneëntheid teenoor die Britse anglisasiebeleid.[3)]

Maar hierdie Sinode word dan ook algemeen beskou, nie alleen as 'n hoogtepunt van anglisasie politiek nie, maar ook as 'n keerpunt, want baie Boere se oë het oopgegaan. Die ontwaking kom met hierdie Sinodesitting, wat ook die Afrikaner teen die Engelse Free Schools in die harnas geja het. Dit het nou alte duidelik geword dat die goewerneur sy verengelsing tot die kerk wou uitbrei.[4)]

Die Bruikbaarheid van die Sinode vir die doel van die regering was veral die gevolg van die aanstelling van Skotse predikante, wat by die Sinode die botoon gevoer het. As ons die gees van die Kaapse Kerkraadsvergadering van 5 Mei 1806 vergelyk met die Engelsgesinde Sinode van 1824, sien ons baie duidelik hoe Lord Charles Somerset gevorder het.

## 2. <u>DIE STAAT EN DIE SKOOL</u>.

### (a) <u>DIE ALGEMENE TOESTAND VAN ONDERWYS</u>.

Soos nog altyd in die geskiedenis van hierdie land,

1). Mansvelt: Het Onderwys in Z.A., 15.
2). Kaapse Kerkargief: K.R. 10, 146, 148; Boustowwe, 149 et seq.
3). Dreyer: Boustowwe Dl 111, 265.
4). Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, 39.

was die toestand van onderwys nou so erbarmlik as ooit. Die Regterlike kommissie van 1812 het gerapporteer dat daar gevalle was waar daar tot twaalf kinders in een gesin was en waarvan die oudste nog nie sy of haar naam kon skryf nie. Hoewel die ouers van 2,000 uit die 3,400 kinders van skoolgaande ouderdom in Graaff-Reinet vir hul onderwys kon betaal, het slegs ongeveer 100 kinders 'n bietjie onderwys geniet. Sir John Cradock skryf aan Lord Bathurst op 16 Augustus 1813: "It would be difficult to describe the want of every species of education among all the inhabitants of this colony except the very few of the higher order, and it would seem that instead of any encouragement given, it had been a general wish in early times to keep them in the most abject ignorance." 1)

Dwarsdeur die eerste helfte van die neëntiende eeu was die skool op die platteland so te sê onbekend. 2) Hierdie toestand het voortbestaan tot aan die einde van die periode onder bespreking. Gedurende die Sinode van 1842 word nog 'n "treurige tafereel" opgehang van die jammerlike toestand van onderwys in die volksplanting. 3)

Hierdie toestand was te wyte aan verskeie oorsake:

1. Die staat het sy plig verwaarloos, gewoonlik op voorwendsel dat daar geen fondse beskikbaar was nie. Dit was die toestand vanaf die dae van die N.O.K.

11. Die skaarste aan geskikte onderwysers.

111. Die gebrek aan fasiliteite in hierdie land om onderwysers op te lei.

1V. Die regering se verengelsingspolitiek wat die bevolking teen alle onderwys in die harnas geja het. 4)

V. Vroeër was daar waar moontlik baie strenger toesig oor die morele en godsdienstige kwalifikasies en leefwyse van die onderwyser. Kragtens die groter demokratiese vryheid onder Britse bewind, was strenge kontrole nou nie meer moontlik nie: " The law can vindicate public morality by checking the continuance and effect of immoral teaching; but it can restrain no one from adopting the profession of teacher. This privilege, as in the case of all similar proceedings, belongs to the rights of the subject as settled by the decisions of national tribunals." 5)

1. <u>DIE ONDERWYSERS</u>.

Die gehalte van die onderwysers is reeds bespreek. Die skaarste aan leerkragte kan toegeskryf word aan die

1). Theal: Records, Dl. 1X, 218; Watermeyer Rapport, XV111.
2). v.d. Merwe: Die Trekboer i.d. Gesk. v.d. Kaapkol., 245.
3). Kaapse Kerkargief: S7 Nr. 19, 211.
4). Government Memorandum 24; Education, 23rd May 1839: ds. Fleischer 1583, 1724.
5). Ibid. App. 111 Report of the B.S. Commission.

volgende redes:

1. Die besoldiging was so gering dat geen ordentlike mens 'n lewensbestaan daaruit kon maak nie. " It is a well known fact that teachers have been worse paid for their services than coolies, and yet they were expected to make a respectable appearance." 1) Golding meen dat daar teen 'n ordentlike vergoeding ordentlike en genoegsame onderwysers sal wees. Die salarisse was as volg: onderwysers van Kosterskole het 400 riksdalers ± £ 60 p.a. + die helfte van die skoolgeldjies ontvang. Rondreisende onderwysers het 300 riksdalers + skoolgeld ontvang. 2) Dit blyk dat die salarisse soms selfs laer was. Van N. Kock, wat onderwys gegee het in die vryskool te Malmesbury, lees ons: " The Schoolmaster is also clerk of the D.R. Church there and receives a salary of £ 30 for both situations." 3) (1830).

11. Daar was in die begin geen inrigting waar onderwysers opgelei kon word nie. Die regering het die stigting van 'n normaalskool opsetlik op die langebaan geskuif. " As 'n mens daaraan dink hoedat Somerset 'n beleid van verengelsing met behulp van ingevoerde onderwysers voorgestaan het, is die gebrek aan belangstelling owerheidsweë insake die kwessie van opleiding van onderwysers nie moeilik te verstaan nie. Hy het besef dat dit nie bevorderlik vir sy saak sou wees nie as hy die Bybel- en Skoolkommissie in hul strewe vir 'n opleidingskool sou steun. Die laksheid van die regering kan dus aan die hand van hierdie politieke bybedoelings verklaar word." 4)

111. Die boereseuns en -dogters het in hierdie beroep geen belang gestel nie. Selfs toe daar later voorsiening gemaak is vir opleiding van onderwysers, het dit moeilik gegaan om hul sover te kry om hierdie slegbetaalde betrekking te aanvaar. Die sorgelose bestaan as veeboer was vir die vryheidsliewende boerejeug baie aantrekliker as die aanvaarding van 'n betrekking onder die gesag en dissipline van die owerheid. En dan het die onderwysberoep, vanweë die minderwaardige skepsels wat met die naam van "meester" gepronk het, maar 'n baie slegte naam gehad.

1V. Die regering het Engels as onderwysvak en later as

1). Golding: State of Educ. at the Cape of G.H. 1841, 3.
2). du Toit: Ond. in Kaapland, 64, 71; Malherbe: Education in S.A., 61 ; Report Educ. Comm. 1863, App. V, 30.
3). Kaapse Staatsargief: C.O. 10, 291.
4). du Toit: Onderwys in Kaapland, 80.

medium van onderwys geëis. Aangesien daar maar min Hollandse onderwysers was wat die Engelse taal magtig was, het hierdie vereiste baie van hul uitgeskakel wat regeringshulp betref. Ons lees in 'n onderwysverslag dat daar by een geleentheid slegs één onderwyser was wat bekwaam was om onderwys in Engels te gee. [1]

Die binneland het dan ook die meeste leerkragte betrek uit die geledere van afgedankte Britse soldate en matrose. " Discharged soldiers from British regiments began to find occupation as teachers in the families of farmers." [2] (1812) Na die Napoleontiese oorloë sou hierdie tipe onderwyser nog volop gewees het. Van die toestand in die Kaapdistrik lees ons "Sailors who reside in the families and whose qualifications for the most part rarely exceed bad reading and writing and whose moral conduct seldom affords a beneficial example to the young people under their charge..." [3]

Ons gee hier nog 'n paar aanhalings om die byna ongelooflike lae standaard van die onderwysers ( en natuurlik die onderwys) te bewys. Die meester is veel benede die boerekneg gereken. [4] In 1824 skryf ds. Faure: Dis maar alte waar dat daar beide in Kaapstad en in die buitedistrikte mense gebruik word om die jeug te onderwys, met wie ieder eerbare mens hom sou skaam om 'n enkele woord op straat te wissel.[5] Die boer dink hy maak meester 'n nobele aanbod as hy hom sê hy mag die kinders die oggend leer en in die middag skulpe optel. [6]

Die ouers het die toestand besef: "Zend tog een onderwyzer voor de arme jeugd. God zal hun zielen van ons eischen, indien wy hen in de diepe onkunde doen voortleven". [7] Ook die Skoolkommissie en die"B. and S. Commission" het dit ernstig besef. [8]
Hoe die kerk hom beywer het vir die stigting van 'n normaal - skool word in die volgende hoofstuk behandel.

Ten slotte moet daar teen die indruk as sou alle onderwysers ewe swak gewees het, gewaarsku word. Daar was gelukkig baie belangrike uitsonderinge.

1). Memo. on the subject of Elem. Educ . at the Cape of G.H. (22nd June 1844),6.
2). Govt. Memo: Educ., App.111, Report of Bible&School Com, 9.
3). Kaapse Staatsargief: C.O. 68, 271.
4). Moorrees a.w. 601, 206
5). Ibid., 598.
6). Het Zuid-Afrikaanse Tydschrift, 1 Mei 1834, 13.
7). Sien Malherbe: Ond en die Armblanke, 53.
8). C.O. 45, 23 Junie 1803.

Ons noem 'n paar suksesvolle en meestal goedgeleerde onderwyskragte: H.I. Klein, F.E. Turr ( albei van die Latynse Skool) T. Doughty, die Pahuds, William Robertson, James Rose-Innes, J. Suasso de Lima, die digter en verskeie predikante wat ook onderwyswerk waargeneem het: di. E. Judge en Holloran; Fairbairn en Pringle. [1]

11. DIE LEERPLAN.

In hul verslag aan die regering van 23 Junie, onderteken deur al sewe lede van die Skoolcommissie lees ons: "Het onderwys dezer gemeene schoolen bestaat enkel in het leezen, schryven, cyfferen en de grondbeginselen van den Christelyken Godsdienst." [2] Die boeke in hierdie skole gebruik, het vir baie jare in die privaatskole dieselfde gebly as onder die N.O.K.: Die Bybel, Gesange van Willem Sluiter, Heidelbergse Kategismus, Kortbegrip van Helmbroek en soms 'n preekboek soos " Donderslag der Goddelozen." [3] Die populêre " Trap der Jeugd", wat dateer vanaf die 17de eeu, was teen die einde van die 19e eeu nog in gebruik. [4] Benewens die godsdienstige doel van onderwys was daar dan ook weinig nodigheid vir iets anders. Die ouers " sometimes choose to have them taught almost everything - sometimes to leave them without any instruction whatever, and on the whole are not able to devise or to follow any regular plan in the education of their children...." [5]

Met die anglisasie van die skool het hierdie leerplan groot wysiging ondergaan in alle skole onder die regering se beheer. Engels was nou hoofvak, geskiedenis van Engeland, Aardrykskunde van Engeland en handboeke waarin Engeland verheerlik geword het, was hoofsaak. Die godsdienstige inhoud het meer en meer verwater. [6]

111. DIE GEES VAN DIE ONDERWYS.

Toe die Engelse die skool hier kom kry het, was hy soos reeds beskryf in Hoofstuk 1, beide 'n godsdienstige en 'n godsdiensskool, sodat Malherbe die kerk en skool as twee afdelings van dieselfde instelling beskryf het.

1). Du Toit: Ond. in Kaapland, 75.
2). Kaapse Staatargief: C.O. 25, Nr. 20.
3). Van der Merwe: Die Trekboer, 247.
4). Malherbe: Edn. in S.A. 26, 265.
5). Kaapse Staatsargief 45, 11Jan. 1809.
6). Sien Dr. O'Kulis: Die Eselskakebeen, 35.

Ook is beskryf hoe hierdie skole tog beantwoord het aan die vereistes van tyd en plek. Hierdie gees is vir anderhalf eeu gehandhaaf in Hollandse privaatskole.

Aan die Britse eise het hierdie skole nie beantwoord nie. Daar moes plek in die leerplan kom veral vir Engels, wat soos 'n koe-koekuiken in die skoolnes, alles wat eg-Afrikaans was stelselmatig uit die nes gewoel het.

E.C. Pienaar sê van die Engelse Vryskool: [1]
" Wat 'n unieke opvoedkundige skouspel van 'n meester en skoliere was geen stomme woord van mekaar se taal verstaan nie."

Die gees van hierdie skool is egter ook bepaal deurdat meester en skoliere mekaar nie verstaan het nie. Soos reeds elders verduidelik, het die twee rasse mekaar soos vandag nog, nie vertrou nie en het vooroordeel van albei kante 'n belangrike rol gespeel.

(b) DIE SEKULARISERING VAN DIE SKOOL.

1. INLEIDING.

Die regering se plan om die geestelike verowering te bewerkstellig, het hy veral d.m.v. die verengelsing van kerk en skool aangedurf. Sodra die anglisasie die godsdienstige doel van die skool begin inneem en later verplaas het, het die sekularisasie begin en wel op tweërlei wyse: eerstens toevallig omdat die anglisasie eenvoudig die godsdienstige doel verplaas het; die nadruk het op die anglisasie geval; en tweedens die opsetlike verwatering van die godsdiensonderwys en die godsdienstige gees van die skool.

11. DIE MIDDELE WAT DIE REGERING AANGEWEND HET OM SY VERENGELSINGSPOLITIEK DEUR TE VOER:

1. Die staat het van die kerk gebruik gemaak om hom te help om die skool te sekulariseer. Vanaf die tyd van die Bataafse Republiek is die kerk se regte so ingekort dat hy, afgesien van sy inherente onskendbaarheid as goddelike instelling, slegs 'n departement van die staat geword het. Onder die Britse regering moes die gesekulariseerde kerk die skool help sekulariseer. Die vertaling vertaling van die Heidelbergse Kategismus was 'n voorbeeld daarvan.

1). Pienaar: Die triomf van Sfrikaans, 37.

## 11. DIE BEHEER OOR DIE ONDERWYS WORD GESENTRALISEER.

Wanneer 'n regering 'n beleid van denasionalisasie moet volg, spreek dit vanself dat hy dit nie met demokrasie kan deurvoer nie. Die Engelse regering het dus veral in Lord Charles Somerset se tyd algehele outokratiese optrede nodig gevind. Daar was wel plaaslike skoolkomitees, die Bybel- en Skoolkommissie ens., maar hul werksaamhede was streng deur wetgewing afgebaken. Die goewerneur het hierdie liggame eenvoudig geïgnoreer wanneer dit hom gepas het.

Hierdie sentralisasie van die onderwysadministrasie dateer vanaf die Bataafse Republiek. Op die Skoolkommissie wat tot 1812 bestaan het en deur de Mist in die lewe geroep is, was daar maar twee predikante teenoor vyf burgelike lede. By die Britse oorname het die goewerneur vanself die " Supreme Director of the School Committee" geword [1] en as sodanig had hy volle alleenheerskappy as hy daarvan gebruik wou maak.

### DIE BEHEER OOR DIE SKOOL ONDER SIR JOHN CRADOCK.

Snaaks genoeg het die sekularisasie van die skool onder Sir John Cradock teruggslae ondervind. Hierdie paragraaf pas dus nie hier in nie en word slegs ingevoeg terwille van die kronologiese kontinuïteit.

Die Skoolkommissie het belangrike veranderings ondergaan. Sedert Oktober 1812 is die Luitenant-Goewerneur beskou as die president van die Skoolkommissie, terwyl die koloniale kapelaan opgeneem is as gewone lid. [2]

In 1813 gaan die Skoolkommissie totniet en ontstaan die Bybel- en Skoolkommissie. Dit word soms as 'n blote naamsverandering beskryf, maar dis foutief: die verandering in die werk en samestelling daarvan was te belangrik. Buiten die ou pligte van die ou Skoolkommissie moes die Bybel- en Skoolkommissie ook sorg vir die verspreiding van Bybels. Die Goewerneur word die beskermheer (patron) en die koloniale sekretaris word 'n gewone lid. Die predikant van Simonstad word ook 'n lid, sodat die geestelikes nou in die meerderheid is. [3]

1). du Toit: Onderwys in Kaapland, 53.
2). du Toit: Onderwys in Kaapland, 65; Malherbe: Edn. in S.A., 62.
3). Ibid., 65; Ibid., 62.

Die predikante van die buitedistrikte was nog erelede.

Die bekwaamheid van die Skoolkommissie en die Bybel- en Skoolkommissie het van tyd tot tyd afgewissel. Ons vind 'n gesonde insig in opvoedkundige sake in die Skoolkommissie se verslag aan die regering op 11 Januarie 1809: die eerste doel van onderwys en opvoeding, sê hul, behoort te wees nie die meganiese afrigting, nóg die blote eksterne "polishing" nie, maar die vorming van die gees (mind) en die verbetering van die hart, met behoorlike attensie aan die besondere toestand van die leerling.[1] Die Skoolkommissie het ongetwyfeld goed aangevoor, toe hul egter vervang is deur die Bybel- en Skoolkommissie. Ook in 'n rapport van 23 Junie 1808 het hul gesonde planne aan die hand gedoen om goeie onderwysers te bekom.[2] Die Skoolkommissie het egter weinig kennis gedra van die onderwystoestande op die platteland. Let wel hoe weinig hul praat van die plattelandse onderwys in hul rapport i.v.m. die Memorie van I. v. Lindenbaum. Hul erken hul onkunde van Lindenbaum se skool. [3]

Die Bybel- en Skoolkommissie het aan die begin groot ywer aan die dag gelê. Hul het £ 5,000 bymekaargebring vir die doel van Bybelverspreiding en die bevordering van onderwys. Maar die einde van hierdie ywer was baie naby die begin. Hul toesig oor onderwys het spoedig bloot nominaal geword en wel om die volgende redes: [4]

1. Die regering het, terwille van sy anglisasiepolitiek onderwyssake grotendeels direk beheer, sonder die Bybel- en Skoolkommissie in aanmerking te neem. Die enigste werk wat vir hul oorgebly het, was die toesig oor die vry distrikskole wat volgens die monitorstelsel gewerk het en die Kosterskole. Eersgenoemde skole was die vrug van hul eie poging van 1813. Maar hierdie skole het gekwyn in die kompetisie teen die "Established Schools" wat in 1820 begin is.

11. Hul het geen outoriteit gehad om die skole te besoek en te inspekteer nie.

111. Daar was geen persoon wat verantwoordelik was vir die uitvoerende werk van die Kommissie nie. Hul was reeds oorlaai met hul eie werksaamhede.

1). Kaapse Staatsargief: C.O. 45, 11 Jan. 1809.
2). Ibid., 23 Junie 1808.
3). Kaapse Staatsargief: C.O. 45, 11 Jan. 1809.
4). Malherbe: Educ. in S.A., 62,63.

Hierdie selfde gebrek het ook gegeld vir die plaaslike Skoolkomitees wat in 1812 ontstaan het.[1]

Die mate van seggenskap van die kerk in onderwyssake het baie vermeerder onder Sir John Cradock. In die Bybel- en Skoolkommissie had die geestelikes nou 'n meerderheid. Hierdie beweging, weg van die sekularisasie van die skool in de Mist se tyd, kan aan die volgende oorsake toegeskryf word:

1. Die filantropiese beweging het dit sterk beïnvloed. Die uitgesproke doel van die stigting van die Bybel- en Skoolkommissie was dan ook: "to establish a system of education that will give the required understanding of the Scriptures, and, at the same time, lay the foundations among the humbler ranks, of civilized, moral and industrious life."[2]

11. Gedurende hierdie eerste jare van die Britse bewind was daar, vanweë Napoleon se mag op die vasteland, nog groot onsekerheid oor die behoud van die Kaap deur Brittanje. Die anglisasiepolitiek is nog nie met soveel ywer aangepak nie.[3] Ons is, met die oog op alles wat in Sir John Cradock se tyd gebeur het, geregtig om te beweer dat die Christelik-filantropiese motief <u>gedurende sy bewind</u> sterker was as die anglisasiedoel.

111. Ander moontlike oorsake, wat tot die skool se nouer aansluiting by die kerk kon aanleiding gegee het, was die volgende: die opregte godsdienstige lewensbeskouing van hierdie goewerneur;[4] die feit dat die bevolking hul misnoeë met die sekularisasie van kerk en skool onder de Mist op geen onsekere wyse te kenne gegee het nie; dat die goewerneur, in die omstandighede waaronder dit miskien nodig sou word om die Kaap te moet verdedig, 'n politiek van toenadering gevolg het; miskien was die voorwaardes van oorgawe nog te vars in in die geheue van die veroweraar; hy het die saamwerking van die Kerk gesoek om die onderwys weer in die smaak van die bevolking te herstel.[5]

'n Uitvloeisel van dieselfde politiek was die ontstaan van

<u>DIE KOSTER OF VOORLESERSKOLE</u>.

1). du Toit: Ond. in Kaapland, 81; Malherbe: Educ in South Africa, 65.
2). Report Educ. Comm., App.V, 39.
3). du Toit: Ond. in Kaapland, 66.
4). Theal: Records, Dl. IX, 218.
5). Coetzee: Vraagstukke..., 109.

Die Kosterskole moes voorsien in die groot behoefte aan onderwys, soos beskryf in die verslag van die hoofregter van die rondgaande hof van 1811. [1]

Met die kosterskole is die wêreldlike staatskoolidee voorlopig van die baan. Kerk en skool is weer bymekaar. [2] Die koster of voorleser sou ook terselfdertyd die onderwyser wees, want die skole is gestig oral waar daar 'n kerk was. Die regering sou die helfte van sy salaris bydra, d.w.s. die helfte van 400 rds. [3]

Die kosterskool is geplaas onder die onmiddellike toesig van die Kerkraad, die algemene beheer van die Skoolkomitee en die oppertoesig van die goewerneur. [4] Ook die leerplan was byna presies soos die van die skole onder die Kompanjie en het die aanneming tot doel gehad. Daar is eers besluit om die onderwysers aan 'n deeglike ondersoek te onderwerp deur hul persoonlik voor die "Bible and School Commission" in Kaapstad te laat verskyn of, as dit te ver van die stad was, dan voor die Distrikskoolkomitee, [5] maar die behoefte aan onderwysers was so dringend dat die owerheid besluit het om dienshoende kosters ook as onderwysers te laat optree al het hul nie die nodige onderwysbevoegdhede gehad nie. [6]

In 1812 is 13 sulke skole geopen, waarvan ag by stedelike plekke. Hierdie skole was nie baie suksesvol nie: Hul het nie in die onderwys-behoeftes van die Boere op die afgeleë plekke voorsien nie, terwyl die godsdienstige opvoeding die bevolking nie bevredig het nie.

## DIE SKOOL ONDER LORD CHARLES SOMERSET.

Met die koms van Lord Charles Somerset het sake heel vinnig ontwikkel. Sir John Cradock se skole is verwaarloos ten gunste van Lord Charles Somerset se "English Free Schools." Soos reeds gesien, is die Bybel- en Skoolkommissie, deur hom in die lewe geroep, deur die nuwe goewerneur oor die hoof gesien. Sy hele politiek van skool en kerk saam te smelt, is deur Lord

1). Report Educ.Comm. App. V, XVIII.
Malherbe: Educ. in S.A., 45.
2). Sien ook Kosterskole onder para. Kerk en Skool.
3). Watermeyer Rapport, Bylaag V, Nr. 14, 38.
4). du Toit: Onderwys in Kaapland, 65.
Malherbe: Educ. in S.A., 61.
5). Report Educ. Comm.
6). Report Educ. Comm. 1863 App. V, 37,38.

Charles Somerset opsygestoot ten gunste van groter sentralisasie in die onderwys.

Die verengelsing vorder vinnig: Engels leer, Engels praat, Engelse metodes, Engelse gees en Engelse inhoud volgens die Engelse monitorstelsel.[1] Die godsdienstige doel van onderwys is in die skaduwee gestel. Die Cradockskool was 'n kerkskool die Somerset-skool was 'n anglisasieskool.

Alle beheer oor die"English Free Schools" is direk deur die regering waargeneem. Die Bybel- en Skoolkommissie het niks oor hul te sê gehad nie.

Die onderwys moes na die staat sodat hy kon angliseer. En tog was dit geen suiwer staatstelsel nie.[2] Gedurende hierdie tydperk het ook lokale beheer ontwikkel deur plaaslike skoolkommissies.

Die leerplan is as volg gewysig: skryf, rekenkunde, gewyde musiek, godsdienstige beginsels volgens die Hollandse of Skotse Katechismus en die Engelse taal. Hollands was nooit 'n vak of medium van onderwys in hierdie vry Engelse skole nie.[3]

In die begin was die "English Free Schools" baie suksesvol. Op 24 Februarie 1824 rapporteer P.J. Truter aan die Bybel- en Skoolkommissie dat waar die Engelse skole gestig is, die Hollandse gekwyn of verdwyn het. As oorsake van die sukses noem hy:

1. die belangstelling van die ouers in die Engelse taal as die toekomstige taal van S.A.;

11. die ouers was arm en die onderwys was gratis;

111. die meerderwaardigheid van die Engelse onderwysers;

1V. die neiging van die kinders om voorkeur te gee aan Engels as medium van onderwys. ( Oor hierdie keuse van die kinders hoef mens nie verbaas te wees nie: die "Hollands" van die Engelse onderwysers was seker sodanig dat die Afrikanerkind Engels verkies het).[4]

Ons kan nog 'n rede byvoeg wat die heer waarskynlik vergeet het om te noem, nl. dat die goewerneur geproklameer het dat alle staasbetrekkinge gesluit sou wees vir diegene wat die Engelse taal nie magtig was

1). Malherbe: Educ. in S.A., 69.
2). Sien Coetzee: Vraagstukke van Opv. Pol., 109.
3). du Toit: Onderwys in Kaapland, 70.
4). Report Educ. Comm. 1863, App.V, 44.

nie en dat Engels die enigste offisiële taal van die howe en die staatsdiens sou wees.

Die Katechismus was nog in die leerplan, maar die godsdiensonderwys het veel te wense oorgelaat. Ons kan dus sê dat die sekularisasie op drie maniere plaasgevind het:

1. Die godsdiens het gely onder die verengelsing van die skole: "The general decay of the Dutch Schools in the Country Districts prove very injurious to the Cause of Religion among the inhabitants....." 1)
Die hoofmotief was nie meer godsdiens nie, maar anglisasie.

11. Godsdiensonderwys in 'n vreemde taal en veral deur hierdie vreemde meesters was vir die Afrikanerkind 'n onding. 2)

111. Die Godsdiensonderwys is verwater. Dit was te liberaal en te algemeen.

### (c) DIE ANGLISERING VAN DIE SKOOL.

#### 1. MAATREËLS WAT DIE SKOOL INDIREK GETREF HET:

Die anglisering van die skool het parallel geloop met politieke gebeurtenisse wat dieselfde doel beoog het. So het die Kaapse regering immigrasie voorgestaan ten einde sy hande te sterk met sy anglisasiebeleid. In sy proklamasie van 5 Julie 1822 kon Lord Charles Somerset melding maak van die "very numerous British born subjects who have established themselves ......." 3) Die politieke motief blyk duidelik uit 'n artikel van Pringle, waarin hy sê dat die doel van die immigrasie van die Britse Setlaars was om 'n Britse Element op die Hollandse populasie van die kolonie in te ent. Die Britse gewoontes sou geleidelik op die ander inwoners oorgedra word. 4) Die vermeerdering van die aantal Engelse moes dan die goewerneur se drastiese maatreëls enigermate regverdig. Die verhouding van die rasse was vir hom egter nog baie ongunstig, nl. 8 Boere teenoor een Brit 5) en uit elke tien Boere was daar beswaarlik een wat kon Engels praat. 6)

1). Bible & School Comm. Correspondence, 1824, Nr. 389.
2). Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 36, 70-72.
3). Report Educ. Comm. 1863 App. V, 43.
4). The "South African Journal" Nr. 2, March-April 1824, 153.
5). Scholtz, 26.
6). Pienaar: Die Triomf, 31.

Naas die koms van die Britse Setlaars moet die ordonnansie van 5 Julie 1822 genoem word, waarvolgens Engels vanaf 1823 in die enigste offisiële taal in die staatsdiens en vanaf 1827 in die geregshowe sou wees. 1) Theal sê dat daar baie versoeke aan die regering gerig is om te vra dat hierdie maatreëls nietig verklaar mag word, maar dat niks gehelp het nie. Op die bestemde datum het hul van krag geword. "It would have been difficult to devise a measure more calculated to irritate the Dutch inhabitants". 2)

Hierdie ordonnansie het die noodsaaklikheid om Engels te leer, verhoog, maar ongelukkig vir Lord Charles Somerset het dit die teenoorgestelde uitwerking op die vry Engelse Skole gehad, omdat dit die Boere in die harnas geja het. Die goewerneur het geen geleentheid laat verbygaan sonder om daaraan te herinner dat die staatsdiens slegs vir diegene ope was, wat die Engelse taal magtig was. 3)

11. DIE ANGLISASIE VAN DIE SKOOL TOT 1814.

Reeds in 1807 beywer luitenant-goewerneur Grey hom vir die onderwys van Engels. 4) In 1809 beraam kol. Collins planne om d.m.v. Engelse onderwysers die kinders te verengels, sodat "the rising generation would be all Englishmen. 5) Op 12 Oktober 1812 skryf Sir J. Cradock se sekretaris aan die Skoolcommissie dat hul in die toekoms veral moet let op die belangrikheid van Engels wanneer onderwysers aangestel word. Hierdie saak van Engels weeg so swaar by Sy Eksellensie dat hy in die toekoms 'n addisionele 100 rds by die salaris van 'n onderwyser sal voeg wat dié bekwaamheid besit en onderneem om sy leerlinge Engels te leer. 6)

Hy word onrustig oor die Hollandsheid van die Boere. Op 31 Desember 1811 skryf hy aan Earl Liverpool dat dit gevaarlik is vir die saak van Engels dat alles so eg-Hollands is. Aan F.H. Turr, die pas-aangestelde hoof van die Latynse Skool, skryf hy op 8 Desember 1812: " I have now, sir, to convey to you a particular point of instruction on my own part.... It is to promote and astablish the English language to the greatest extent among your pupils of the highest rank as the foundation......" 7)

1). Report Educ. Comm. 1863, App. V, 43-44.
2). Theal: The Story of the Nations (S.A.), 158.
3). Kaapse Kerkargief: Sl, 322.
4). Report Educ. Comm. App.V, 25.
5). Sien Nepgen: Die Sos. Gewete,125; Kaapse Staatsar. C.O. 48 4,5

Op 19 Februarie 1813 vaardig Sir John Cradock 'n proklamasie uit wat ook die hoogtepunt van sy eie anglisasiebeleid is: "His Excellency therfore, however he may still yiels to the force of superior merit and qualifications in some respected cases of the present day, will consider himself obliged in all future appointments, among the rising generation, who have the opportunity of attainment, to make the possession of the English language an indispensable condition."[1)]

Uit hierdie briewe blyk duidelik hoe ongelyk die stryd was. Die regering had die geld, sowel as die mag om te beveel. In daardie tye van geldskaarste moes 'n addisionele £ 15 p.a. vir 'n swakbetaalde onderwyser 'n baie aanloklike aanbod gewees het.

In Sir John Cradock se tyd was Hollands nog altyd ingeskakel in die leerplan.

## 111. DIE ANGLISASIE ONDER LORD CHARLES SOMERSET.

In 1815 bewys Lord Charles Somerset al dat hy sy verengelsingsbeleid op eie drastiese en outokratiese wyse gaan deurvoer. Hy het namelik geweier om die nominasie van ds J.C. Berrange tot rektor van die Latynse Skool goed te keur. Hy het aan die Engelse predikant, eerw. Hough voorkeur gegee, omdat eergenoemde die Engelse taal nie volkome magtig was nie.[2)] Lord Charles Somerset was nie die slag van mens wat die geduld had om die verengelsing geleidelik te laat pasvat nie. Op 14 Februarie 1821 skryf hy uit Engeland aan Henry Goulburn: "I take the liberty of submitting to Earl Bathurst the expediency of having all the school in the Colony conducted by English Masters."[3)]

Goulburn skryf op 10 April 1821 aan Lord Charles Somerset dat die koloniale sekretaris, Graaf Bathurst, sy mening beaam, nl. dat Hollandse skoolmeesters geleidelik deur Engelse skoolmeesters van 'n superieure klas vervang moes word, " as affording both the best means of making the English language more general in the Colony and improving

6): (Sien p. 64) Report Educ. Comm. 1863, App. V, 38.
7): (Sien p. 64) Theal: Records, Vol.9., 38.
1): Ibid, Vol. 24, 471; Progress in S.A.., 110.
2): du Toit: Onderwys in Kaapland, 68
3). Theal: Records Vol. 13, 402.

the manners and morals of the people." 1) (Let wel dat hier geen melding gemaak word van godsdiens as sodanig nie.)

Die gevolg van hierdie e.a. korrespondensie was dat Lord Charles Somerset sy "English Free Schools" eenhonderd present verengels het:

1. Die meesters is uit Engeland en Skotland ingevoer. Ds. George Thom, wat juis toe met vakansie in Engeland was, moes geskikte onderwysers soek, manne van "Known royal principles", 2) hy het ses uitgestuur. In 1823 is nog twee aangestel en in 1826 is voorsiening gemaak vir nog vier-en-twintig. Hul gemiddelde salarisse was £ 71 p.a., veel beter dus as die van die ander onderwysers. 3)

11. Die verengelsde leerplan is reeds bespreek. Daar kan nog bygevoeg word dat die Sinode van 1824 gesorg het vir die Engelse vertaling van die Heidelbergse Katechismus.

111. Die medium was deurgaans Engels. Hollands is nooit offisieel as vak of as medium in hierdie skole toegelaat nie.

1V. Die onderwysmetode was ook 'n uit Engeland ingevoerde, nl. Lancaster en Bell se Monitor-stelsel. 4)

(word vervolg in volgende hoofstuk.)

1V. <u>SKOLE MET 'N REMMENDE INVLOED OP DIE SOMERSET-BELEID</u>.

Daar was privaatskole wat nie deur die anglisasiepolitiek beïnvloed is nie. In hierdie verband moet veral die "Tot Nut" genoem word, verreweg die belangrikste inrigting van sy soort, met twee vername kentekens: die reëlmatige plek wat godsdiens en die moedertaal daarin ingeneem het. 5)

In die verre binneland was daar talryke rondreisende privaat-onderwysers sowel as klein plaasskooltjies waaroor die regering nie alleen geen seggenskap gehad het nie, maar baie waarvan die owerheid nie eens geweet het nie. Die bestaan van hierdie skole was veral belangrik as ons onthou dat dit juis op die platteland was wat die verengel-

1): Theal: Records, Vol. X111, 457.
2): Theal: Records, Vol. X111, 360, 361, 386-9.
3). du Toit: Onderwys in Kaapland, 71.
4). Malherbe: Educ. in S.A., 69.
5). du Toit: Onderwys in Kaapland, 75; Malherbe: Educ. in S.A., 68.

singsbeleid misluk het.

Die skole, wat voorsiening gemaak het vir meer as elementêre onderwys, was almal suiwer Engelse skole. 1)

Die Vryskole het in 1824 'n hoogtepunt van sukses bereik. Langs hulle het die Kosterskole en privaatskole verbleek of gesterf. Maar dit was ook die keerpunt, waarop 'n vinnige insinking gevolg het.

## 3. DIE KERK EN DIE SKOOL.

### (a) INLEIDING.

Om herhaling te voorkom, kan hier slegs op enkele faktors gewys word, waarby daar die gevaar bestaan dat 'n wanindruk geskep mag word, soos wanneer mens na een gaatjie in 'n sif wys om daarmee te spog of te spot. Die belangrikste is eerder die algemene strominge as die besondere golwe van die geskiedenis.

Om 'n voorbeeld van eersgenoemde aan te haal, kan ons verwys na die ekonomies-maatskaplike invloed van die Kerk: Die kerk het veel te doen gehad met die stigting en uitbreiding van dorpies; die ontstaan van dorpies het die trekkerslewe gestrem en die oorgang van veeboerdery tot landbou aangemoedig; hierdie neiging om hom op 'n gegewe plek te vestig ( so naby die kerk as moontlik), het die stigting van 'n skool in die hand gewerk en die algemene beskawingspeil opgehef.

Die Kommissie van Omgang het dan ook in hul rapport op die aspek van die saak gewys:- "The Churches being built there in well adopted situations lays the foundation for villages and therefore considered as well in a religious and moral as in a political point of view, tends to the increase of gradual civilization, and as a spur to industry and agriculture......" - die kerk met die dorpie daaromheen. 2)

### (b) DIE SEGGENSKAP VAN DIE KERK OOR ONDERWYS

is reeds bespreek onder paragraaf 2 van hiedie hoofstuk. Hier word slegs enige punte aangestip om algemene verhoudinge te verklaar. Die Bybel- en Skoolkommissie was 'n belangrike skakel tussen kerk en skool. Die naam van die liggaam dui

1). du Toit: Onderwys in Kaapland, 75.
2). Theal: Records 1X, 298

reeds die hegte verwantskap van kerk en skool in hul werk aan: "It is, however, certain, that several Christian families in this country, from their particular situation have no means nor opportunity of securing a Bible for themselves, or of supplying their children and servants with it...... The mere distribution, however, of the Bible, especially in this colony, without being accompanied by that education which must afford the means of understanding it, would be defective..... For this reason, His Excellency the Governor has, some time ago, taken measures to establish schools even in the most distant districts......[1] Hier het ons tegelyk die motief vir die stigting van beide die Kosterskool en die "Bible and School Commission." Maar dit bring ons weer terug by toestande aan die Kaap in die sewentiende eeu. Die skool is weer 'n Kerkskool, wat beheer word deur 'n liggaam waarop die geestelikes in die meerderheid is. Die verband Kerk-skool was nou so sterk dat kolonel Bell hulle in sy memorandum van 1837 beskou het as "rather a part of the ecclesiastical establishment than of the education system".[2]

In Cradock se tyd het die regeringskool en die privaatskool ook nader aan mekaar gestaan. Die een is egter beheer deur die ouer self en die ander deur die kerk, m.a.w. deur 'n enkele lidmaat teenoor 'n liggaam wat hierdie lidmate verteenwoordig het.

Met die koms van Lord Charles Somerset was daar drie hoofstrominge in die onderwys. By bogenoemde twee soorte skole het die Engelse vryskole gekom. Hier het ouer nóg kerk enige seggenskap gehad.

(c) <u>DIE KERK SE PRAKTIESE HULP IN VERBAND MET ONDERWYS.</u>

Veral voor 1824 het die kerk nie veel kon doen aan direkte finansiële steun aan onderwys nie. Gebrek aan fonse en die verbrokkeling van die kerk in verskillende losstaande gemeentes het dit veroorsaak. By die beoordeling van die bydrae wat die N.G. Kerk op die gebied van volksonderwys gelewer het, moet verder in die oog gehou word dat die kerk, weens gebrek aan die nodige fondse en die feit dat hy die sienswyse toegestaan

1). Minute of the B. and S. Com. on the Circulation of the Scriptures, and the Religious Educ. of the Poor, July 8th 1813.
2). Report Educ. Com. 1863, XXXll.

was dat dit die plig van die staat is om vir die onderwys in te staan, meestal as handlanger van die owerheid moes optree en die beleid, wat deur die regering neergelê was, moes uitvoer.[1] Hierdie gebrek aan fondse was dan ook, soos ons veral in die volgende hoofstuk sal sien, die wortel van die kwaad. Nietemin het die kerk finansieel bygedra of fondse ingesamel, veral in gevalle waar die staat sy pligte skreiend verwaarloos het.[2]

(d) KERK, SKOOL EN ANGLISASIE.

Soos blyk uit die Sinode van 1824 was die kerk teen hierdie tyd al 'n gewillige prooi van die anglisasie-politiek. Die kerk as instituut het dus geen remmende invloed op die verengelsing van die skool uitgeoefen nie. Met die gevestigde godsdiensvorme van die Boere was dit egter gans anders. Die godsdiens van die Boere het nie met verengelsing gestryk nie. Hollands was die taal van die Bybel[3] en om godsdiens van Hollands te skei, sou heiligskennis wees.

Die verval van die Hollandse skole in die binneland was baie nadelig vir die saak van die Godsdiens.[4]

Die skool was in hierdie jare slegs 'n sukses, m.a.w. dit het die volk se vertroue gewen na gelang dit reg laat geskied het aan hul taal en hul godsdiens.[5]

(e) KERK EN SKOOL EN DIE SINODE 1824.

Die toestand staat-kerk-skool het onveranderd voortbestaan. Op die eerste Sinode is besluit dat de Mist se "Kerkenorder" aanvaar sou word as die grondwet van die Hervormde Kerk in hierdie volksplanting.[6]

Op die Sinode word die godsdienstige onderwys breedvoerig behandel.[7]

Die godsdienstige onderwys is gedefinieer; leraars is aangemoedig om onderwys aan te moedig, die godsdienstige onderwysers te onderrig om te sorg dat slegs geskikte boeke gebruik word; godsdienstige onderwysers moes minstens twee jaar opleiding gehad het onder een of ander leraar; daar sou gewaak word dat hierdie

1). Greyling: Die N.G. Kerk en Armsorg, 6.
2). Spoelstra: Bouwstoffen 11, 356; K.K.A. S 7 Nr. 19, 210; C.O. 93, 1812.
3). Scholtz: Die Afr. en sy Taal, 43.
4). B. and School Comm: Corr. 1824, Nr 389.
5). Report Educ. Comm. 1863, Vll.
6). Dreyer: Boustewwe 111, 208.
7). Kaapse Kerkargief: S1, Afd. 4: Over het Godsdienstig Onderwys.

onderwyser deeglik ondersoek sou word ten einde te bepaal of hul in lewe en leer bekwaam was; leraars moes op hul ringsvergaderings aandag aan die onderwys bestee; aan diegene wat hul wou bekwaam as godsdiensonderwysers moes hul ondersteuning gee.

Daar is besluit op die stigting van 'n Teologiese Seminarium. [1)]

Van al hierdie mooi en nuttige besluite kan mens sê dat die gees gewillig was, maar die fondse het ontbreek.

1). Dreyer: Boustowwe 111, 240.